# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 19 JUNIE 2022

**Oggenddiens** om 09:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Potgieter (2)

**Meditatiewe diens** om 09:00 in die kapel | Ds. Dietmann

### HULP AAN LEEU-GAMKA-UITREIKSPAN

Ons benodig die volgende sopbestanddele: gedroogde lensies, ertjies en sopmengsel, asook blokkies geurmiddel (*stock*) vir sop, pakkies sop-poeier en rys.

Die uitreikspan wil ook graag skoolkinders met sanitêre produkte en skoolsokkies ondersteun. Bydraes kan voor 27 Junie by die kerkkantoor afgegee word. Kontantbydraes kan elektronies oorbetaal word na: ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, verwysing: LEEU-GAMKA.

### ONTVANG JY KORRESPONDENSIE?

Indien jy nie enige korrespondensie van die gemeente ontvang nie, kontak asseblief vir Odette by odette@stellenberg.co.za. Ons wil baie graag op gereelde basis met al ons lidmate kommunikeer.

### ’N AAND SAAM MET MARION HOLM

Donderdag 18 Augustus om 19:00 in die kleinsaal. Kom geniet ’n aand vol humor en inspirasie en boonop ’n ete teen slegs R200 per persoon saam met die bekende Marion Holm. Kaartjieverkope ten bate van MES Kaapstad. Kaartjies te koop by Anneke, anneke@stellenberg.co.za of 021 976 4519.

### VATVYF-PROGRAM

| | |
|---|---|
| Woensdag 20 Julie | Kuier by Koffie en Krummels. |
| Woensdag 24 Augustus | Ds. Johan Visser kom sing vir ons en deel sy storie. |
| Sondag 4 September | Erediens 09:00 met verversings daarna. |
| Maandag 5 September | Besoek Franschhoek-motormuseum. |
| Dinsdag 6 September | Praatjie oor Alzheimers deur prof. Niehaus |

### KONTAK ONS

021 976 4519

WhatsApp: 081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

23 Junie

Lukas 18:9-14 | In God se oë lyk mense anders.

### DEUROFFERS

**Stellenbergkosprojek**

Stellenbergkosprojek ondersteun die afgelope 22 jaar tot 30 gesinne per maand in ons gemeente en onmiddellike omgewing met voedselhulp.

## SKATTEMARK | 30 JULIE

Kom verkoop jou gebruikte, maar steeds bruikbare, items op Stellenberg se eerste skattemark wat op Saterdag 30 Julie vanaf 10:00 tot 14:00 in die saalkompleks of buite, afhangend van die weer, aangebied word. Meubels, klere, benodigdhede vir babas, speelgoed, dekoritems, oefentoerusting, ens. is alles welkom. Bespreek jou uitstalruimte teen R150 by Lindy, lindy@stellenberg.co.za. Geen keuring, almal is welkom.

## SLUIT BY ONS WHATSAPP-GROEPE AAN

Skandeer enige van die QR-kodes hier onder om by die WhatsApp-groep van jou keuse aan te sluit.

**Bulletin en aanlyn oggenddiens**

**Daaglikse dagstukke**

**Nuusbrokkies vir jongvolwassenes**

## BOUWERK BY DIE SAALKOMPLEKS

Bestaande lokale in die grootsaal word omskep in kantoorruimte vir die nuwe jeugleraar en 'n administratiewe beampte en sal voortaan saam met die jeuglokaal as 'n jeugsentrum benut word. Die muur tussen die ou kafeteria-area en die voorportaal na die nisse word ook verwyder om die kafeteria-area te vergroot. Die ingang na die nisse sal ook mettertyd verskuif word om toeganklikheid na die nisse te vergemaklik.

## FINANSIËLE BYDRAES

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 4519 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel 083 519 0602.

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue kom elke Maandag om 10:00 in die ou kafeteria-area byeen. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.